



Verwysing: 20210415-2266
Lêerno.: 12//2/13/6
Navrae: A. Henriques

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0002/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde:
Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges,
Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare skole

Kort opsomming: *Aanlyn stelsel op SOBIS vir skole se bestelling van KABV-handboeke vir
graad 1 tot 12.*

Onderwerp: Aanlyn bestelstelsel vir die bestelling van KABV-handboeke vir graad 1 tot 12

1. Daar word van skole in die Wes-Kaap verwag om 'n handboek vir elke vak aan elke ingeskrewe leerder te voorsien.
2. Om toe te sien dat alle leerders by elke skool handboeke vir elke vak in 2022 het, word prinsipale versoek om:
 - 2.1 hul verwagte graad-vir-grad-leerderinskrywing vir 2022 te beraam;
 - 2.2 die verwagte getal bykomende leerders aan die begin van 2022 te skat, gegrond op tendense van die afgelope paar jaar;
 - 2.3 te verseker dat alle ongebruikte handboeke wat tans in pakkamers is, in ag geneem word; en
 - 2.4 hul handboeke se jaareind-retensiekoers van die afgelope paar jaar in ag te neem.
3. Die inligting in paragraaf 2 moet gebruik word om handboek-aanvullingsbestellings vir 2022 te maak.
4. Skole sal slegs een geleentheid in 2021, tussen 17 en 28 Mei, kry om al hulle aanvullende handboeke te bestel met behulp van die aanlyn stelsel wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) verskaf word. Dit beteken dat skole tyd moet neem om hulle aanvullende handboekbehoefte noukeuring vir 2022 te beplan, met inagneming van al die faktore in paragraaf 2 aangedui.

5. Die norme-en-standaarde-toewysings van skole se leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal sal gebruik word om aanvullende handboeke en leerdergroei-handboeke in Januarie 2022 te betaal.
6. Skole word aangemoedig om hul voorbereidings vóór die aanlyn vasleggingstydperk af te handel en hul aanvullende handboekbehoefte vanaf die dag wat die aanlyn stelsel op 17 Mei 2021 oopmaak, vas te lê.
7. Wanneer toegang tot SOBIS verkry word, kies die "Administration"-opsie op die kieslys en kies dan "CAPS textbook top-up" op die aftreklysie. 'n Subkieslys sal verskyn, wat dan toegang tot die vasleggingskerm en die "How to guide" sal bied. Skole word aangemoedig om, vóór die vaslegging van aanvullende handboekbestellings, hulself vertrouwd te maak met die inhoud van die "How to guide".
8. Verwys asseblief na die verwelkomingsnota en handleiding op SOBIS om vas te stel met wie daar in aanraking gekom moet word indien enige probleme met die vaslegging van die aanvullende handboekbestellings ondervind word.
9. Sodra die aanlyn bestelling deur die prinsipaal geverifieer en afgeteken is, moet die skool 'n drukstuk van die geverifieerde bestelling druk, kontroleer dat dit reg is en op skrif stel.
10. Indien 'n titel nie via die bestelstelsel beskikbaar is nie, moet skole die aangehegte templaot vir bestellings (Addendum 1) gebruik om hulle benodigde KABV-goedgekeurde handboeke te bestel. Die ingevulde bestelvorm moet elektronies gestuur word vir die aandag van mnr. Bernard Stoffels (tel. 021 467 2345) aan Bernard.Stoffels@westerncape.gov.za voor of op 28 Mei 2021.
11. Dit het onder die aandag van die WKOD gekom dat skole daartoe geneig is om die aflewering van bestellings wat verkeerdelik deur die skool geplaas is, te weier, wat dan finansiële implikasies vir verskaffers inhou. Verskaffers of hul aflewering-agente sal onder geen verpligting wees om bestellings wat korrek afgelewer is, terug te stuur nie. Prinsipale word daaraan herinner dat die skool finansiëel aanspreeklik is vir alle bestellings wat via SOBIS geplaas word en het dus geen ander keuse as om die aflewering ooreenkomstig 'n amptelike bestelling te aanvaar nie.
12. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2021-04-23